

# KOERSVAS

Uitgawe 12 Jaargang 1 5 April 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



## **REDAKSIONEEL**

### **Helde en rolmodelle.**

Saterdag 6 April 2013 is dit 651 jaar na die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap van Goeie Hoop. Twee jaar na sy koms het hy die volgende gelofte afgelê. *Waar dit vandag die tweede verjaarsdag is van die dag waarop ons deur die HERE gelei, met die skepe Drommedaris, Reyger en De Goede Hoop hier ter plaatse behoue aangeland het om hierdie vesting en kolonie na die bevel van ons here en meesters [Here XVII – die Direktuere van die VOC] te bou en te bestendig, en opgelet dat God die HERE alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, daarom het ons besluit, en ook vir die eerste keer begin om hierdie dag, die 6de April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die HERE wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.*

Die meesters van die VOC (*Vereenigde Oost-Indische Compagnie*) was nie van plan om meer as 'n handelstasie te vestig nie. Soos met soveel ander menslike ondernemings, het die saak 'n eie loop geneem. Die Kaap het die plek van hoop vir baie mense geword, onder andere die Hugenote wat na die herroeping van die Edik van Nantes (die dekreet wat godsdienstoleransie aan die Protestante gegun het), in 1688 en 1689 na die Kaap gevlug het.

Vir geruime tyd is hierdie volksplanting in 1652 gedenk as 'n vakansiedag met besondere betekenis. Die nuwe bedeling het hierdie dag in onguns laat verval, maar geniet steeds die voordele van hierdie waagmoed deur van Riebeeck en sy mense, asook latere toevoegings tot die Europese bevolking aan die suidpunt van Afrika.

Die geskiedenis van ons land is deurspek met mense wie se optredes as heldedade beskryf kan word. Sommige se lewens kan gesien word as 'n lewe van waagmoed. Jan van Riebeeck, die Voortrekkers en hulle leiers, die krygers in die Tweede Vryheidsoorlog, is almal mense wat 'n groot deel van hulle bestaan en selfs hul lewens gegee het vir 'n groter ideaal. Sommige helde se andersins saai lewens staan uit op grond van een oomblik van uitstyg. Sommige ikone word deur die media daartoe verhef, soos in die geval van Nelson Mandela.

Die vier van hierdie gebeurtenisse en die erkenning van helde het, veral vir die Afrikaner, 'n persoonlike saak geword. Nie almal voel dieselfde oor die Gelofte en Bloedrivier nie, maar daar is tog die wat daardie belofte gestand doen. Bitter min mense onthou selfs die jaar waarin van Riebeeck geland het, wat nog te sê dit op 'n manier herdenk.

Gelukkig het ons ook geloofshelde. Ons weet Abraham was Ismael-gretig om God se beloftes waar te maak, ons weet dat Dawid voete van Batse-baklei gehad het, ons weet Salomo se veelwywery was die dwaasheid van die wyse,

maar ons kan in hulle tog helde vind wat ons inspireer in ons geloofslewe.

Hou ons nog hierdie geloofshelde aan ons kinders voor? Put ons nog inspirasie uit hierdie geloofshelde. Ons lewens is armer sonder hierdie rolmodelle. Die grootste gevaar wat ons in die oë staar, is om in 'n WWJD Jesus helde verering te verval. Dit is 'n Christendom wat vervlak het tot 'n moralisme waar Jesus die rolmodel en die held verword het.

Jesus Christus is ons Verlosser, die een wat die onmoontlike gedoen het deur vir ons sondes te sterf, maar ook ons ter wille die dood te oorwin. Ons moet Hom nie sien as geloofsheld nie, maar as geloofsbron. Hy self roep ons daartoe om nederig diensbaar te wees en ons word geroep om sekere van Sy optredes te volg as voorbeeld. Ons volg Sy voorbeeld in geloof, nie omdat Hy voorbeeldig was en ons in Hom 'n geloofsheld vind nie. Geloof lei tot helde-optrede elke keer wat 'n gelowige gehoorsaam Sy voorbeeld volg, in dankbaarheid vir genade onbeskryflik groot.

#### **NUUSBROKKIES**

- Die keurdatum vir die indien van beskrywingspunte vir opname in die agenda van die 70e AKV is om die draai. Kerkrade moet die beskrywingspunte by die verskillende Ringsvergaderings indien. Die Kerkorde stel dat die Ringsvergadering sonder debat bloot kennis neem van die beskrywingspunt en dit dan deurgee aan die KommAKV. Dit hoef nie in die Ring se agenda opgeneem te wees nie, **maar moet by die Ringsvergadering ingedien word.** Met dit in gedagte word sH gemeentes wat nie onafhanklik gaan word nie maar na die 70e AKV toe gaan, uitgenooi om op **Saterdag 13 April** 'n sH beplanningsvergadering by te woon by **Premiermyn Hervormde Kerk in Cullinan**. Die vergadering begin om 09:00 en het uitsluitlik ten doel om die sake van belang in beskrywingspunte te verwoord. Daar is geen plan of behoefte om 'n lysie op te stel of 'n verskuilde agenda deur te druk nie. Gemeentes word per afgevaardigdes uitgenooi om saam te kom dink oor sake wat tydens die 70e AKV aangespreek moet word.

- Gemeentes wat weens koste-implikasies of ander soortgelyke situasies nie teenwoordig kan wees nie, kan met dr Otto skakel om die sake wat hulle van belang ag, aan die vergadering voor te hou (082 767 7891).
- Individue wat graag sekere sake aanhangig wil maak, is ook welkom. Skakel asb met dr Otto sodat daar reg voorberei kan word ten opsigte van verversings. Ons herhaal, dit is 'n oop byeenkoms om lidmate leiding te gee in die daarstel van beskrywingspunte vir die 70e AKV. Geen koukusplanne sal ter tafel kom nie, net sake van erns. Kwaadwillige persone sal poog om die byeenkoms te ondergrawe en dit verdag te maak. Lidmate sal moet kies waar hulle staan ten opsigte van hierdie inisiatief.

#### **KENNISGEWINGS**

- **Grootvlei : KONSERTTYD** met Francois en Elizabeth Fourie op Saterdag 20 April 2013 by Grootvlei Jeugsentrum (Kerk) Prys: R50 Almal welkom. Navrae: Mandie Marais **0823875308**
- **Grootvlei : ADAM EN MWAH : PLOT OPSKOP** 31 Mei 2013 15:00 tot laat. R70.00 p/per (Kinders onder 10 gratis) Kontak nr **0828386303**
- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100.00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen **0845812905 / 0128115165**
- **PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R100 per persoon. Indien u 10 kaartjies verkoop, kom lag die gasvrou gratis. (500 vrouens!) Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.